| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA&R 212/03** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **02/02/2004** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | |

In die saak van:

**XABA, MUSAWAKHE ALSON**

teen

**DIE STAAT**

*Coram: Lacock R et Williams R*

---

**UITSPRAAK op APPÉL**

---

**LACOCK R:**

1] Die appellant is in die Landdroshof van Kimberley skuldig bevind aan ‘n oortreding van art 5 (b) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, nr 140 van 1992 (die Wet) deurdat hy handel gedryf het in 15.7kg dagga; en is gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf.

Hy kom nou in hoÍr beroep teen die vonnis hom opgelÍ.

2] Die feitelike omstandighede soos deur die Hof aanvaar en warop die skuldigbevinding van die appellant gegrond is, kan

kortliks as volg saamgevat word:

[2.1] Die appellant het gedurende die vroeë oggendure van 8 November 2002 vanaf KwaZulu-Natal in Kimberley per voertuig aangekom. Agter in die voertuig was ‘n sak bevattende 15.7kg dagga wat ‘n persoon in KwaZulu-Natal hom versoek het om aan sy broer in Kimberley te lewer.

[2.2] Terwyl hy gery het in ‘n straat in Kimberley, het die polisie hom agtervolg, en het hy een van die drie persone aan wie hy ‘n saamry geleentheid gebied het, gelas om die sak mét dagga by die voertuig uit te gooi. Hy is kort nadat die dagga uitgegooi is, deur die polisie in hegtenis geneem.

3] In sy uitspraak op vonnis het die Landdros die volgende gesÍ:

> “As ons net kyk na die Wetgewer se houding teenoor hierdie gewoonte afhanklikheidsvormende stof, is dit nie eers nodig vir my om die gemeenskapsbelang of die aard en erns van die misdryf te probeer oor beklemtoon nie. Ek lees hier in Snyman, die tweede uitgawe bladsy 457, dit is hoe ernstig die oorteding handel dryf is. Die straf in handeldryf in verbode afhanklikheidsvormende medisyne of stowwe soos dit nou bekend is, is minstens vyf jaar en hoogstens vyftien jaar by ‘n eerste oortreder. Swaarder strawwe geld by latere oortredings. Die handel dryf in dagga volgens Snyman, né, is hoogstens 15 jaar vir ‘n eerste oortreder …”

[3.1] Die Landdros het homself duidelik wanvoorgelig aangaande die voorgeskrewe straf vir ‘n oortreding van art 5 (b) van die Wet. Die toepaslike strafbepaling lees as volg:

> *“Iemand wat aan ’n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind word, is strafbaar –*
>
> *(a) …*
> (b) …
> (c) …
> (d) …
> (e) *in die geval van ‘n misdryf in artikel 13 (f) bedoel, met gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens 25 jaar, of met sowel daardie gevangenisstraf as die boete wat die hof goedvind om op te lê.”* {art 17 (e) }

(Die appellant het hom skuldig gemaak aan ‘n oortreding soos bedoel in art 13 (f), te wete art 5 (b) van die Wet).

[3.2] Dit blyk dat die Landdros hom beroep het op die tweede uitgawe van Snyman, *“Strafreg”* in hierdie aanname. Ek vind dit ontstellend dat ‘n Landdros hom verlaat op ‘n handboek, ter vasstelling van wat die strafsanksie van ‘n statutÍre oortreding is, en nie die statuut self raadpleeg nie.

Wat meer onstellend is, is dat die tersaaklike werk van Snyman waarna die Landdros verwys, gepubliseer is in 1986. Op daardie tydstip was die Wet en waaronder die appellant skuldig bevind is, nog lank nie op die Wetboek nie. Snyman handel in die tweede uitgawe van *“Strafreg”* en waarna die Landdros verwys het, met die voorskrifte van die herroepe Wet op die Misbruik van

Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, nr 41 van 1971 (die voorganger tot Wet 140 van 1992).

Ek kan maar net vertrou dat die Landdros intussen vasgestel het dat in 1992 ‘n derde uitgawe van Snyman verskyn het, en in 1999 ‘n vierde uitgawe.

4] Die voormelde wanvoorligting het dan ook klaarblyklik daartoe gely dat die Landdros geen alternatiewe straf as gevangenisstraf oorweeg het nie.

Vervolgens staan dit ons vry om *de novo* ‘n gepaste vonnis te oorweeg. (**S v Levey, 1993 (2) SASV 498 (A) te 500 e**).

5] Die tersaaklike persoonlike omstandighede van die appellant is die volgende:

Voor die pleeg van hierdie oortreding, was hy ‘n algehele eerste oortreder. Hy was 36 jaar oud, getroud met vier afhanklike kinders en het toe reeds vir 14 jaar gewerk by die plaaslike munisipaliteit waar hy R1 200.00 per maand netto verdien het.

6] Die appellant het van meet af sy skuld aan hierdie misdryf erken (behalwe in die tegniese sin in soverre hy skuldig gepleit het aan die besit van die dagga, terwyl hy tegnies gesproke en per definisie hom skuldig gemaak het aan

handel in dagga) en het daardeur en ook in sy *viva voce* onbetwiste getuienis, berou vir sy optrede getoon.

7] Daar is geen getuienis wat daarop dui dat die appellant die dagga vir sy eie voordeel sou of wou aanwend nie. Trouens, die appellant se weergawe naamlik dat hy bloot die dagga vir 'n vriend vervoer het vir lewering aan laasgenoemde se broer, is aanvaar.

8] Dit kan nie ontken word dat die gemeenskapsbelang verg dat misdrywe van hierdie aard streng deur die Howe benader moet word nie, en dat in gepaste gevalle swaar vonnisse opgelÍ behoort te word nie. Ek kan ook nie my oë daarvoor sluit dat die appellant minstens die potensiële verdere verkoop en of verspreiding van dagga aan andere bevorder het nie.

Hierteenoor is dit ook so dat elke geval op sy besondere meriete beoordeel moet word. Na my mening is hierdie nie 'n geval waar direkte gevangenisstraf die enigste gepaste vonnis vir die appellant is nie.

9] Normaalweg sou 'n saak soos die onderhawige waar die Landdros homself wanvoorgelig het aangaande die reg, terugverwys word na die Verhoorhof vir die heroorweging van vonnis.

Mev de Nysschen en adv Schreuder is dit egter eens dat

aangesien alle tersaaklike getuienis volledig voor ons dien, hierdie Hof in net so ‘n posisie is om opnuut ‘n gepaste vonnis te oorweeg as wat die Landdroshof sal wees. Aangesien billikheid teenoor die appellant verg dat finaliteit hierin spoedig bereik behoort te word, het ons besluit om self ‘n gepaste vonnis die appellant op te lÍ.

10] Ek het die vonnisse opgelÍ vir soortgelyke misdrywe in die hierondervermelde sake en waarin die feitelike omstandighede tot ‘n redelike mate vergelykbaar is met die in hierdie saak, nagegaan en tot die gevolgtrekking gekom dat, met in agneming van al die voorgaande faktore en omstandighede, dit gepas sal wees om die appellant te vonnis tot gevangenisstraf wat opgeskort word sowel as ‘n boete. **S v Fedani 2000 (1) SASV 345 (OK); S v Seoela 1996 (2) SASV 616 (O); S v Hlongwane 1998 (1) SASV 221 (O); S v Heilig 1999 (1) SASV 379 (W); S v Motsamai 1997 (2) SASV 521 (O); S v Sokweliti 2002 (1) SASV 632 (TkD); en S v Ntsane 2002 (2) SASV 595 (O).**

11] Bygevolg word die volgende bevele hierin verleen:

***"A. DIE SKULDIGBEVINDING WORD BEKRAGTIG.***
***B. DIE VONNIS DIE APPELLANT OPGELÊ WORD TER SYDE GESTEL EN VERVANG MET DIE VOLGENDE:***

*a)* ***Drie (3) jaar gevangenisstraf wat in die***

***geheel opgeskort word vir 'n periode van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan 'n oortreding van art 5 (b) van Wet 140 van 1992 en gepleeg gedurende die periode van opskorting nie.***

*b)* ***Daarbenewens word die beskuldigde gevonnis tot betaling van 'n boete van R3 000.00."***

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

CC Williams
**REGTER**

*Namens die appellant:* **Adv JJ Schreuder**
*Namens die Staat:* **Adv AH de Nysschen**